SEDERT 1963

# menlo-insig

5/2025

20 Februarie 2025

## LIEWE MENLO

*Die Insig leen vandeesweek die woorde waarmee Isabeau van Helsdingen, Parkieraadsvoorsitter, die Parkiedag-verrigtinge geopen het.*

As jy die woord *liefde* hoor, hardloop jou gedagtes dadelik draaie. Jy dink dalk aan 'n sekere Menloparker wat klasse so 'n bietjie meer interessant maak of dalk aan die hegte band wat jy met jou gesin deel.

Die feit van die saak is dat die betekenis van liefde kan verskil, want volgens die antieke Grieke is daar immers sewe soorte liefde.

Die eerste soort liefde – die soort waaraan 'n mens juis op Valentynsdag dink – is *Eros*. Dit word beskryf as romanties en passievol. Dink aan die klassieke voorbeeld van Romeo en Juliet. Hulle liefde is intens en sterk, maar tog kortstondig.

Die tweede tipe liefde is *Philia*. Die vriendskap tussen Frodo en Sam in The Lord of the Rings is die beste voorbeeld hiervan. Dit is die band tussen beste vriende. 'n Absolute gevoel van broederskap gekenmerk deur opregte omgee vir mekaar. Plato het geglo dat dít die kosbaarste liefde is.

Die derde tipe liefde is *Storge*. Dit is die liefde tussen familielede – selfs al dryf hulle jou soms teen die mure uit. Die beste voorbeeld hiervan is Cooper en sy dogter in Interstellar. Jy mag dalk dink dat dit 'n fliek is waar ruimtevaarders om swart gate geslinger word of nuwe planete verken, maar die eintlike tema van die fliek is liefde. Cooper se liefde vir Murph het letterlik ruimte en die vierde dimensie, tyd, oorskry. Is dit nie spesiaal hoe grensloos ouers se liefde vir hulle kinders is nie?

Dan is daar *Ludus* wat 'n speelse liefde is, *Pragma* wat 'n blywende liefde is en *Philautia*, die liefde vir jouself. Dink aan die woorde van Mattheus 22:39: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Kom ons markeer die pas vir 'n oomblik by *Agape*-liefde – onbaatsugtige, onvoorwaardelike liefde. Liefde wat gee sonder om iets terug te verwag; die liefde van Christus wat perfek in Johannes 3:16 uitgebeeld word: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste seun gegee het, sodat die wat in Hom glo nooit verlore sal gaan nie en die ewige lewe sal hê." Die beste van alles is dat jy net jouself hoef te wees, want God het jou liefgehad nog voordat jy 'n gedagte was. Sy liefde vir jou sal nooit verander nie.

Dit is fassinerend om te besef dat liefde nie 'n vaste rol in ons lewens speel nie. Dit is eerder in baie aspekte van ons lewe ingeweef. Liefde is soveel meer as Valentynsdag. Dit is 'n konstante teenwoordigheid – of dit nou in die vorm van God se onvoorwaardelike liefde is, of selfs die liefde wat jy vir jou vriende het.

Liefde is nie net 'n emosie nie, dit is die rede vir ons bestaan.

Geniet die Parkiedag-foto's. Dit spreek van hartlike samesyn en 'n liefde vir die lewe!














# DAGBOEK

**21/2**
Atletiek: Interhoër
Tennis: St Mary's Toernooi – 23/2

**24/2**
Wintersport: Proewe begin
Muurbal: Liga

**26/2**
Tennis: Senior dogtersliga

**27/2**
Akademie: Gr. 12-restaurantaand
Pa-en-seunaand

# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**Teks: Psalm 139:16**

Nog voordat ek mens geword het, het U my al beplan. U het my lewe toe al in u hand gehou. En U het besluit wat met my sou gebeur.






## Eenvoud bring vreugde

'n Hoërskoolloopbaan vlieg verby en bied slegs 'n paar geleenthede om skoolklere vir iets deftigs te verruil. Die Parkiebal is so 'n geleentheid en die graad 11- en 12-leerders het die kans om hulle beste voetjies voor te sit (al was dit kaalvoet) verlede Saterdag behoorlik benut. Buiten die feit dat die saal, vierkant en voortuin 'n metamorfose ondergaan het, was ons leerders byna onherkenbaar getooi.

Baie geluk aan die hoofleiers, die Matriekraad (o.l.v. me. Santa Maritz en mnr. Hein Brits) en in die besonder aan hierdie groepe se flukse ouers met 'n uiters suksesvolle aand. Die skoolsaal is met asemrowende dekor in 'n klassieke balsaal omtower wat perfek by die tema, Eenvoud, gepas het. Die blinknuwe dansskoene is sommer vroegaand al uitgeskop om die reis om die dansvloer met apostelperde aan te durf. Die gr. 9-kelners het verder gesorg dat die gaste die aand nie gou sal vergeet nie deur heerlike happies aan te dra. Voor 'n mens egter kon sê: "Eenvoud bring vreugde" is die aand omgekuier en omgedans. Geniet die foto's.


























# KRIEKET

**Menlo: 7 Reën: 1 DLS: 1**

Menlo se krieketspanne het vandeesweek weereens uitstekend gevaar. Menlo het veral in die Finsbury-reeks beïndruk waar die gekombineerde totaal van die eerstespan en die o. 15's ons in die tweede posisie op die ranglys van 44 spanne plaas.

Wat vandeesweek se uitblinkers betref, verdien Heinrich Claassen (124*), Corrie Botha (4/11), Jovan Hartman (4/23), Verster Richter (3/5), JP Hattingh (3/4), Christiaan Koekemoer (69*), Schalk van Ettinger (83*) en Jan-Willem Pienaar (58*) pluimpies vir hulle uitstekende werk.

Welgedaan, Menlo! Hier volg die uitslae.

**Menlopark o. 15C teen Waterkloof o. 15C**
Waterkloof 75/4 (Ruben Kirchner 1/6)
Menlo 76/2
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark 2de XI teen Potch Volkies 2de XI**
Menlo 299/8 (Heinrich Claassen 124*)
Volkies 71 almal uit (Corrie Botha 4/11, Jovan Hartman 4/23)
Menlo wen met 228 lopies.

**Menlopark 2de XI teen Cornwall Hill 2de XI (verkorte wedstryd)**
Menlo 105/6 (Armin Havenga 32, Jaimi Coertse 28)
Cornwall 97/8 (Verster Richter 3/5)
Menlo wen met 8 lopies.

**Menlopark o. 14A teen Prestige College o. 14A**
Prestige 111/7 (JP Hattingh 3/4)
Menlo 74/4 (Neil Claassen 22*)
Menlo wen met 23 lopies (DLS-metode).

**Menlopark o. 15A teen Prestige College o. 15A**
Prestige 58 almal uit (Anton de Klerk 3/1)
Menlo 59/0 (Niël van Zyl 31*, Reinhard Langenhoven 14*).
Menlo wen met 10 paaltjies

**Menlopark o. 14B teen Cornwall Hill o. 14B**
Menlo 163/1 (Christiaan Koekemoer 69*, Ryan Roos 33*)
Cornwall 91/7 (CW Frohlich 2/18, Stephan Putter 2/18)
Menlo wen met 72 lopies.

**Menlopark o. 14C teen Zwartkop o. 14B (verkorte wedstryd)**
Menlo 42/6
Zwartkop 43/2
Zwartkop wen met 8 paaltjies.

**Menlopark o. 15A teen Potch Volkies o. 15A**
Menlo 251/7 (Anton de Klerk 55, Schalk van Ettinger 83*)
Volkies 63/3 (Anton de Klerk 2/20)
Wedstryd afgelas weens reën.

**Menlopark 1ste XI teen Potch Volkies 1ste XI**
Menlo 175/8 (Jan-Willem Pienaar 58*, Matt van der Westhuizen 30)
Volkies 123 almal uit
Menlo wen met 37 lopies.

# TENNIS







## Menlo-tennis? Nee, Menleeu-tennis!

Die skilderagtige laeveldomgewing was die perfekte agtergrond vir naelbyt-aksie uit die boonste rakke tydens die Groot 5-Toernooi waar die land se voorste tennisspanne sake verlede naweek teen mekaar uitgespook het. Op die oog af is tennis nie 'n ingewikkelde storie nie, maar moet jou nie laat mislei nie...

Om as wenner van die Groot 5-Toernooi van die baan te stap, verg leeuemoed, luiperdspoed en senuwees van staal. Daarby moet die wedstrydplan haarfyn uitgewerk word om die niksvermoedende teenstanders op die agtervoet te betrap en dit het die Menlo-spanne alles op 'n drafstap vermag.

Hartlik geluk aan die dogterspan wat vierde uit tien spanne geëindig het. Dit is egter die seuns wat die kollig by die toernooi gesteel het deur met die louere (of is dit leeuere?) weg te stap. Baie dankie aan die spelers asook die afrigter, mnr. Hendrik Coertzen. Menlo-tennis se harde werk is beloon.

Die Menlo-spelers wat die skool by die toernooi verteenwoordig het, is:

**Dogters:** Melissa Meyer, Nina Jansen van Vuuren, Simoné van Zyl, Liané Smit, Mika Keet, Danika Geyser en Danelle Niemandt.

**Seuns:** Stefan Jansen van Vuuren, Joshua Smit, Kelly Mostert, Christiaan de Bruine, Markus de Jager, Jordan Botha en Ruben Lourens.





# MUURBAL

## MMA kook by NJSA-toernooi



Baie geluk aan die Parkies wat die skool verlede naweek by NJSA se Closed Ranking-toernooi verteenwoordig het. Pretoria Country Club, Phobians en Harlequins het as gashere vir die toernooi wat deur die provinsie gereël is, opgetree. Hartlik geluk aan die Menlo-muurbalspelers wat deelgeneem het – die uitslae is uitstekend!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| JD Smuts | O. 19A | 1ste | Rian Agenbach | O. 16A | 2de |
| Mian Erasmus | O. 14B | 1ste | Dewald de Graaf | O. 16B | 3de |
| Mia Kieser | O. 14A | 2de | | | |

# SPOG



## Die pad na sukses is afdraand!

Baie geluk aan Evert Maritz. Hy is 'n Parkie wat nie berge van molshope maak nie en wat weet dat die pad na sukses afdraand is. Evert het onlangs aan twee bergfietsrenne deelgeneem en die teenstanders in die stof laat byt. Hy het op 26 Januarie aan SA UCI Downhill Cup 1 in die Wes-Kaap deelgeneem en die tweede plek behaal. Twee weke later was Evert in Nelspruit, by die UCI Downhill Cup 2, in aksie waar hy die eerste plek verower het.

# ALUMNI

## Oud-Menloparkers trap diep spore

Die wêreld het vandeesweek opnuut van Die Hoërskool Menlopark kennis geneem, want oud-Menloparkers het van die Kaap tot in Amerika uitstekend presteer.



**Danielle du Toit (2017)** het die NTT Data Pro-Am-Gholftoernooi op Fancourt gewen. Wat die prestasie selfs meer merkwaardig maak, is dat Danielle deur Menlo se eie mnr. Nico van Eeden afgerig word.



**Catherine van Rensburg (2022)** het die vroueafdeling van die Midmar-myl gewen.



**Antonie Pieterse (2023)** se talent het almal by Roberts Wesleyan University, waar hy tans studeer, uitgeboul. Antonie se puik prestasie in die swembad veroorsaak dat die universiteit vir die eerste keer ooit vir die NCAA kwalifiseer. Loer gerus na die insetsel om meer oor hierdie talentvolle oud-Menloparker uit te vind.



# INTERHOËR

## Oorlewingspakket

- WATER: VRIES JOU WATERBOTTEL (OF DRIE)
- PAK GENOEG KOS VIR DIE DAG
- SONBLOK
- JELLY BABIES (ENERGIE)
- SANITEERMIDDEL – VIR HANDE
- MENLO-HOED (VERPLIGTEND) SAMBREEL (DONKERBLOU OF MENLO-SAMBREEL)
- GEESSTOKKIE
- IETS VIR BYSTEKE – AS JY ALLERGIES IS
- KLEIN HANDDOEKIE
- MENLO-PAWILJOENKUSSING/ SWARTSAK/DONKERBLOU KOMBERS VIR SITPLEK (GEEN ANDER KLEURE)
- TISSUES / WIPES
- POWERBANK VIR JOU FOON – AS JY KAN

# HOPE ENERGIE!

# MENLO-INLIGTING

### EKSTRA KLASSE

**Wiskunde**
Graad 8: Maandae
Graad 9: Woensdae
Graad 10: Dinsdae
Graad 11: Maandae
Graad 12: Donderdae
Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.

**Fisiese Wetenskappe**
Graad 12: Maandae in D2
Graad 11: Dinsdae in H9
Graad 10: Donderdae in H10

Vraag-en-antwoordsessies:
14:10 - 15:00

### TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

### MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

### SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

### ED-ADMIN

- Maak asseblief seker dat u die toep op u foon installeer.
- Menlo-nuus en Menlo-kommunikasie is op die toep beskikbaar.
- Het u besonderhede dalk verander? Verander gerus self u telefoonnommer, adres of e-posadres op die toep.

### MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

### BEMARKINGSKANTOOR

### ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!

### WEEKLIKSE BEPLANNING

Die beplanning word weekliks op die klasgroepe geplaas. Raadpleeg gerus u kind.


UNCAPPED
LTE
from only
R299 p/m*
axxess
Internet your way
*T's & C's Apply


The Au Pair
A great exchange
Gaan reis
na skool as Au Pair
in Nederland
INLIGTINGSESSIE
Woensdag, 26 Februarie 2025
16:00
Hoërskool Menlopark ouditorium
www.the-aupair.co.za
CONTACT
+27 060 508 2389
info@the-aupair.co.za
theaupairnl
the_aupair



Julle is helde!
Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!
Reghardt
Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.
wirUlink
wireless · fibre · voice · data
RUSH NETWORK
MetroFibre
DFA
VUMA
Frogfoot
openserve

**Lynnies-damesoggend**

Volg gerus die volgende skakels vir meer inligting:

**Inligtingsbrosjure**

**Besprekings**




## Wil jy graag gemmerkoekies bestel?

**R160 per kilo**

**Word met egte botter gebak**

**WhatsApp jou bestelling na 072 231 8574**